

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

OCTOBER / NOVEMBER 2005  
OKTOBER / NOVEMBER 2005

AARDRYKSKUNDE HG  
(Eerste Vraestel: Teorie)

TYD: 3 uur

PUNTE: 320

---

INSTRUKSIES:

- Beantwoord VIER vrae:  
EEN uit Afdeling A  
EEN uit Afdeling B  
EEN uit Afdeling C  
Die VIERDE vraag mag uit ENIGE van die oorblywende vrae gekies word.
  - Alle diagramme verskyn in die Diagramboek 502-1/X.
  - Nommer al die vrae wat jy beantwoord in die **middel** af in jou antwoordboek, bv.  
2.3.1.
  - Laat telkens ? **reël oop** tussen die verskillende onderafdelings van ? vraag.
  - Begin elke antwoord op ? nuwe vraag **bo-aan** ? nuwe bladsy.
  - Moet asseblief nie vraagnommers verander nie – nommer volgens die vraestel.
  - Moenie in die kantlyne van jou antwoordboek skryf nie.
  - **Omkring** die vraagnommers wat jy beantwoord het op die voorblad van jou antwoordboek.
  - Skryf **duidelik en leesbaar**.
  - Lig jou antwoorde, waar moontlik, toe met benoemde sketse.
  - Krediet sal vir insig gegee word.
-

**AFDELING A**  
**FISIESE AARDRYKSKUNDE**

Beantwoord minstens EEN vraag uit hierdie afdeling.

**VRAAG 1**

- 1.1 Verwys na die sinoptiese weerkaart in **Figuur 1.1** en beantwoord die volgende vrae.

- 1.1.1 Soek hoogdruksel **C**.

- (a) Identifiseer hoogdruksel **C**. (1)
- (b) In watter rigting roteer die lug om hierdie hoogdruksel? (1)
- (c) Noem TWEE ander kenmerkende lugbewegings wat met hierdie hoogdruksel geassosieer kan word. (2)
- (d) Verduidelik hoe die ligging van hoogdruksel **C** die posisie van die koue front direk aan sy oostekant, binne die volgende 24 uur sal beïnvloed. 2x2=(4)

- (e) Hoogdruksel **C** is verantwoordelik vir droë toestande (lae reënval) langs die Suid-Afrikaanse weskus. Verklaar waarom dit so is. 3x2=(6)

- 1.1.2 (a) Identifiseer die front gemerk **A** op die sinoptiese weerkaart. (1)

- (b) Aan die voorkant (oostekant) van front **A** kom bergwindtoestande voor. Verskaf TWEE bewyse vanaf die sinoptiese weerkaart om hierdie stelling te bevestig. (2)

- (c) Teken ? benoemde deursnitskets (diagram met byskrifte) om die ontwikkeling van bergwinde te illustreer. Jou skets moet die TWEE hoof-eienskappe van bergwinde duidelik toon. 3x2=(6)

- (d) Noem die natuurgevaar wat veral met bergwinde geassosieer word. 1x2=(2)

- (e) Bespreek wat gedoen kan word om die nadelige gevolge van die natuurgevaar wat in Vraag 1.1.2(d) genoem word, te minimaliseer. 2x2=(4)

- (f) Wat sal bergwindtoestande beëindig? 1x2=(2)

1.2 **Figuur 1.2A** toon ? planaansig van ? gebied waar twee riviere op twee verskillende hoogtes voorkom. **Figuur 1.2B** toon die lengteprofiel van hierdie twee riviere voordat stroomroof plaasgevind het.

1.2.1 Op die lageduur sal stroomroof hier plaasvind.

- (a) Teken ? benoemde skets (planaansig) waarin jy die kenmerke van die landskap, soos dit na stroomroof daar sal uitsien, toon. (5)
- (b) Noem die erosieproses wat verantwoordelik is vir stroomroof in hierdie gebied. 1x2=(2)
- (c) Wat sal met die posisie van die waterskeiding met die verloop van tyd gebeur? 1x2=(2)

1.2.2 Nadat stroomroof plaasgevind het, sal verjonging intree.

- (a) Watter EEN van hierdie strome sal verjonging ondergaan? 1x2=(2)
  - (b) Hoe sal die afloop en erosievermoë van hierdie verjongde stroom verander? 2x2=(4)
  - (c) Teken ? benoemde diagram om die lengteprofiel van die verjongde stroom te toon. 2x2=(4)
- 1.2.3 (a) Identifiseer die stadia van die fluviale siklus wat by plekke **K**, **L** en **M** in **Figuur 1.2B** uitgebeeld word. (3)
- (b) Teken ? dwarsdeursnee by posisies **K**, **L** en **M**. (3)
- (c) Verklaar waarom hierdie dwarssnitte van mekaar verskil. 3x2=(6)

1.3 **Figuur 1.3A** toon ? ekosisteem wat die mens uitsluit. **Figuur 1.3B** toon dieselfde ekosisteem wat die mens insluit.

- 1.3.1 Definieer die begrip ekosisteem. (2)
- 1.3.2 Verduidelik waarom daar na die plantegroei in hierdie ekosisteem verwys word as ? produsent. 2x2=(4)
- 1.3.3 (a) Wat gebeur met die hoeveelheid energie soos wat dit deur die ekosisteem beweeg en na elke volgende trofiese vlak oorgedra word? 1x2=(2)
- (b) Verklaar jou antwoord in Vraag 1.3.3(a). 2x2=(4)
- 1.3.4 Verduidelik die invloed van die mens op elke trofiese / voedsel vlak. 2x2=(4)
- 1.3.5 Wat kan deur omgewingsbewaring gedoen word om te verseker dat die ekologiese balans in hierdie ekosisteem behoue sal bly? 1x2=(2)

[80]

b.o.

**VRAAG 2**

2.1 Verwys na **Figuur 2.1A**, wat ? diagrammatiese voorstelling van die bolugtemperatuurinversie oor Suid-Afrika toon.

- 2.1.1 (a) Benoem die lugdrukstelsel wat deur die pyltjies gemerk **D** op die skets getoon word. (1)
- (b) Noem TWEE ander soortgelyke lugdrukstelsels wat ? belangrike rol in die weer en klimaat van Suid-Afrika speel. (2)
- (c) Teken ? eenvoudige sketskaart wat ? planaansig (vanuit die bolug) van Suid-Afrika toon om aan te dui wat die algemene ligging van hierdie stelsels, soos genoem in Vraag 2.1.1(a) en (b), is. (3)
- (d) Verduidelik kortlik waarom die lug by **D** dalend van aard is. 2x2=(4)
- 2.1.2 (a) Wat is ? inversielaa? (2)
- (b) Verduidelik die ontwikkeling van die inversielaa by **E**. 2x2=(4)
- (c) Sal **Figuur 2.1A** winter- of somertoestande toon? 1x2=(2)
- (d) Gee ? rede vir jou antwoord in Vraag 2.1.2(c). 1x2=(2)
- (e) Beskryf die weerstoestande wat mens kan verwag om in die binneland van Suid-Afrika te ondervind tydens hierdie seisoen wat in Vraag 2.1.2(c) genoem word. 2x2=(4)
- 2.1.3 Verwys na **Figuur 2.1B**, wat ? vallei aan die voetheuwels van die KwaZulu/Natal Drakensberg toon.
- (a) Identifiseer winde **X** en **Y** onderskeidelik. (2)
- (b) Sal **Figuur 2.1B** dag- of nagtoestande toon? 1x2=(2)
- (c) Gee EEN rede vir jou antwoord in Vraag 2.1.3(b). 1x2=(2)
- (d) Beskryf kortlik hoe wind **Y** ontstaan het. 2x2=(4)

2.2 **Figuur 2.2A** en **2.2B** toon die ontwikkeling van ? granietkoepel. ? Voorbeeld van so ? koepel is **Sibede Rots** in Swaziland. **Figuur 2.2C** toon verskillende dreineringspatrone, waarvan een tipies is van dié wat op granietkoepels aangetref word.

2.2.1 Verwys na **Figuur 2.2A** en **2.2B**.

- (a) Verwys na die tipe stollingstruktuur waarop ? granietkoepel sal ontwikkel. (1)

- (b) Verduidelik kortliks hoe die tipe stollingstruktuur soos hierbo genoem, ontwikkel. 2x2=(4)
- (c) Op watter wyse sal hierdie stollingstruktuur aan die oppervlakte van die aarde blootgestel word? 2x2=(4)
- (d) Indien uiteindelik blootgestel aan die aardoppervlakte, sal die granietkoepel verweer deur middel van ? proses wat bekend staan as eksfoliasie. Verduidelik hierdie proses kortliks. 3x2=(6)

**2.2.2 Verwys na **Figuur 2.2C.****

- (a) Watter EEN van die twee diagramme (i) of (ii) toon die stroombrooi wat kenmerkend is van ? granietkoepel? (1)
- (b) Benoem hierdie tipe stroombrooi van ? granietkoepel. (1)
- (c) Verduidelik kortliks waarom die stroombrooi wat in Vraag 2.2.2(b) genoem is, op hierdie wyse ontwikkel. 2x2=(4)

**2.2.3 Die geronde voetheuwels van KwaZulu/Natal staan bekend as die Vallei van Duisend Heuwels. Hierdie heuwels is uiters geskik vir landbou-aktiwiteite.**

- (a) Noem TWEE fisiiese faktore wat hierdie heuwels geskik maak vir landboubeoefening. (2)
- (b) Noem EEN landbouproduk wat algemeen bekend is in dié omgewing. (1)
- (c) Verklaar waarom die voetheuwels van KwaZulu/Natal so ? geronde voorkoms het. 2x2=(4)
- (d) Gee en verduidelik die boerderymetode wat boere in hierdie gebied behoort toe te pas ten einde gronderosie te verminder. 3x2=(6)

**2.3 **Figuur 2.3 toon hoe klimaat beide die biotiese en abiotiese grondvormende faktore beïnvloed.****

**2.3.1 Identifiseer uit **Figuur 2.3**, EEN**

- (a) biotiese grondvormende faktor. (1)
- (b) abiotiese grondvormende faktor. (1)

**2.3.2 (a) Definieer die term verwering.** (2)

- (b) Watter komponent (kenmerk / gedeelte) van verweerde rots, sigbaar in **Figuur 2.3**, word aan die grond oorgedra? 1x2=(2)

2.3.3 (a) Wat is humus? (2)

(b) Verklaar waarom die natuurlike woude aan die KwaZulu/Natalse kus nie ? hoë humusinhoud het nie, alhoewel daar ? digte plantegroei is.

2x2=(4)  
[80]

**AFDELING B  
NEDERSETTINGSAARDRYKSKUNDE**

Beantwoord minstens EEN vraag uit hierdie afdeling.

**VRAAG 3**

3.1 Verwys na **Figuur 3.1** voordat hierdie vrae beantwoord word.

3.1.1 (a) Beskryf die nedersettingspatroon van die Hillside-nedersetting. (1)

(b) Gee ? rede vir jou antwoord op Vraag 3.1.1(a). (1)

3.1.2 (a) Beskryf die vorm van die plase in Hillside. (1)

(b) Gee TWEE redes waarom die plase die vorm, soos in Vraag 3.1.2(a) beskryf word, aanneem. (2)

3.1.3 (a) Verduidelik die begrip standplaas. (2)

(b) Verskaf bewyse vanaf **Figuur 3.1** waarom hierdie spesifieke standplaas gekies is vir die vestiging van Hillside. (1)

3.2 Verwys na **Figuur 3.2** voordat die volgende vrae beantwoord word.

3.2.1 Die middelpunt van die plaas word beskou as die ideale plek vir die opstal. Noem, en verduidelik, EEN moontlike rede waarom die eienaar van Rocklands nie ? sentrale punt gekies het vir sy opstal nie. 3x2=(6)

3.2.2 (a) Die boer by Rocklands beoefen gemengde boerdery. Wat beteken dit? 1x2=(2)

(b) Wat is die voordele daarvan om gemengde boerdery te beoefen? 2x2=(4)

3.2.3 Die boer by Rocklands woon op sy eie, aaneenlopende stuk grond. Verduidelik die voordele daarvan om op jou eie stuk grond te boer. 3x2=(6)

3.3 Verwys na **Figuur 3.3**. Pine Village en Kingstown is beide sentrale plekke. Tog sal die invloedsfere en reikwydtes van goedere van die twee plekke verskil.

3.3.1 Verduidelik die betekenis van die volgende begrippe:

- (a) Sentrale plekke (2)
- (b) Invloedsfeer (2)
- (c) Reikwydte (2)

- 3.3.2 (a) Watter plek, Pine Village of Kingstown, sal die grootste invloedsfeer hê? 1x2=(2)
- (b) Verklaar jou antwoord op Vraag 3.3.2(a). 2x2=(4)
- (c) In terme van die hiërargiese rangorde van nedersettings, watter een van bogenoemde twee nedersettings sal die hoogste rangorde hê? 1x2=(2)

3.4 Verwys na **Figuur 3.4** wat die nedersetting genaamd Kingstown toon.

- 3.4.1 (a) Waar is die SSK geleë? (1)
- (b) Waarom het die SSK hier ontstaan? (1)
- (c) Is hierdie ligging die beste keuse vir die SSK? Verduidelik jou antwoord. 3x2=(6)

3.4.2 Die stedelike profiel wys die syaansig van ? nedersetting.

- (a) Teken ? eenvoudige vryhandskets langs lyn X – Z om die stedelike profiel van Kingstown te toon. Die skets moet die hoogtes van geboue in Kingstown toon. 2x2=(4)
- (b) Verduidelik waarom die stedelike profiel tussen X en Z verander. 4x2=(8)

3.4.3 Die SSK ondervind tans kommersiële desentralisasie.

- (a) Definieer die term kommersiële desentralisasie. (2)
- (b) Waarom vind kommersiële desentralisasie plaas? 3x2=(6)
- (c) Gee DRIE moontlike oplossings om kommersiële desentralisasie teen te werk. 3x2=(6)

- 3.4.4 ? Groot area is bestem as parke. Soos wat die behoefte om grondgebied rondom die SSK toeneem, verhoog die druk deur besighede om hierdie areas in besigheidsgebiede te omskep. Veronderstel jy is die plaaslike stadsbeplanner wie se werk dit is om die plaaslike stadsraad te adviseer. Berei ? verslag voor waarin jy verduidelik waarom dit noodsaaklik is om hierdie gedeeltes as parke te behou.
- $3 \times 2 = (6)$   
[80]

#### VRAAG 4

4.1 Verwys na **Figuur 4.1** en beantwoord die vrae wat volg.

- 4.1.1 (a) Wat is ? nedersetting? (2)
- (b) Met verwysing na ekonomiese aktiwiteite, onderskei tussen landelike en stedelike nedersettings. (2)
- (c) Gee EEN voorbeeld van ? ekonomiese aktiwiteit in ? landelike en ? stedelike nedersetting onderskeidelik. (2)
- (d) Waarom wys ons na landelike nedersettings as enkel-funksioneel en stedelike nedersettings as multifunksioneel? (2)
- (e) Noem onderskeidelik die kleinste en grootste van alle soorte nedersettings. (2)
- 4.1.2 Baie mense verlaat die landelike nedersettings om in stedelike nedersettings te gaan woon, soos dié een geïllustreer in **Figuur 4.1**. Die resultaat hiervan is landelike ontvolking.
- (a) Definieer die term landelike ontvolking. (2)
- (b) Noem TWEE stootfaktore wat aanleiding gee tot landelike ontvolking en verduidelik waarom hierdie faktore landelike ontvolking sal veroorsaak. (2x2=8)
- (c) Bespreek die gevolge van landelike ontvolking op die landelike gebiede. (3x2=6)
- (d) Bespreek moontlike teenmaatreëls wat in werking gestel kan word om die tempo van landelik ontvolking te vertraag. (3x2=6)

- 4.2 Baie nuwelinge in die stad sal werk vind in die nywerhede. Verwys terug na **Figuur 3.4** voordat die onderstaande vrae beantwoord word.
- 4.2.1 Onderskei tussen ligte en swaar nywerhede. (2)
- 4.2.2 Gee EEN voorbeeld van ? lichte nywerheid en EEN van ? swaar nywerheid. (2)
- 4.2.3 Toon aan in watter van die sones **A** of **B** sal jy lichte nywerhede en in watter een swaar nywerhede vind. 2x2=(4)
- 4.2.4 Watter faktor, sigbaar op die diagram, het bepaal dat nywerhede by standplaas **B** opgerig kon word? 1x2=(2)
- 4.2.5 Verduidelik waarom die nywerhede by **B** ver weg van die SSK af opgerig is. 3x2=(6)
- 4.2.6 Nywerhede is die hoofoorsaak van lugbesoedeling in die stad. Watter stappe kan geneem word om lugbesoedeling vanaf nywerhede te verminder? 3x2=(6)
- 4.3 Baie nuwelinge in die stad is egter nie so gelukkig om werk te kry nie. Hulle lewe aan die buitewyke van die stad in informele nedersettings (plakkerskampe).
- 4.3.1 Wat is ? informele nedersetting? (2)
- 4.3.2 Waarom ontwikkel hierdie informele nedersettings? 2x2=(4)
- 4.3.3 Noem enige DRIE sosio-ekonomiese probleme wat inwoners van plakkerskampe sal ondervind. 3x2=(6)
- 4.3.4 Gee moontlike oplossings om die omstandighede van die inwoners van informele nedersettings draagliker te maak. 3x2=(6)
- 4.3.5 Baie inwoners van hierdie plakkerskampe vind werk in die informele sektor. Gee TWEE voorbeeld van werk in die informele sektor. 2x2=(4)
- 4.3.6 Verduidelik waarom dit noodsaaklik is om die bestaan van die informele sektor in groot stede toe te laat. 2x2=(4)
- [80]**

AFDELING C  
SUID-AFRIKAANSE AARDRYKSKUNDE

Beantwoord minstens EEN vraag uit hierdie afdeling.

## VRAAG 5

## DIE KALAHARI

Die gebied wat deur die Kalahari sandveld beslaan word, is ongeveer 2 miljoen km<sup>2</sup> met ? aansienlike reënvalspeling tussen verskillende gebiede. Dit wissel van die karge, wisselvallige reënval in die verre suide tot meer tropiese toestande in die noorde. Soos wat die hoeveelheid en betrouwbaarheid van die reënval wissel, so wissel die plantegroei ook. Gegewe hierdie feite: wat is die landboupotensiaal vandie Kalahari?

In al sy eindeloze uitgestrektheid en deur al die eeue heen wat die Kalahari die agteruitgang van die tyd deurstaan het, beleef die Kalahari en sy wildslewe vandag die grootste bedreiging tot sy voortbestaan ooit. Dit is ook, ekologies gesproke, een van die mees sensitiewe ekosisteme en, as sulks, toon dit baie vinnig die gevolge van wanbestuur en misbruik.

*Aangepas uit "Kalahari" deur Michael Main*

5.1 Verwys na **Figuur 5.1**, wat die ligging van die Kalahari toon.

- 5.1.1 (a) In watter Suid-Afrikaanse provinsie is die grootste deel van die suidelike Kalahari geleë? (1)
- (b) Verskaf die naam van die hoofstad van hierdie provinsie, soos geïdentifiseer in Vraag 5.1.1(a). (1)
- 5.1.2 (a) Identifiseer die eksotiese rivier net suid van die Kalahari. (1)
- (b) Waarom word na hierdie rivier verwys as ? eksotiese rivier? 1x2=(2)
- (c) In watter oseaan mond hierdie eksotiese rivier uit? (1)
- 5.1.3 (a) In die inleidingsparagraaf word na die **aansienlike reënvalspeling** verwys. Verduidelik die betekenis van die begrip reënvalspeling. 1x2=(2)
- (b) Bestudeer die ligging van die Kalahari en verduidelik waarom hierdie streek so ? groot reënvalspeling tussen verskillende gebiede het. 2x2=(4)

5.2 Bestudeer weer **Figuur 5.1**.

- 5.2.1 (a) Met watter van Suid-Afrika se buurstate vorm die Limpoporivier ? internasionale grens? (1)
- (b) In watter oseaan mond die Limpoporivier uit? (1)

- 5.2.2 Identifiseer rivier X, wat ? hoofsytak van die eksotiese rivier genoem in Vraag 5.1.2(a) is. (1)
- 5.2.3 Na die samevloeiing vloei die eksotiese stroom, geïdentifiseer in **Vraag 5.1.2(a)**, verby die dorp Prieska. Met bygevoegde water vanaf sy sytakke, kan hierdie eksotiese rivier maklik vloede veroorsaak.
- Wat is ? vloed? 1x2=(2)
  - Verduidelik die betekenis van die term samevloeiing. 1x2=(2)
  - Hoe kan hierdie punt van samevloeiing ? vloed veroorsaak? 1x2=(2)
  - Noem TWEE gevolge van ? vloed vir die dorp Prieska. 2x2=(4)
  - Bespreek die omgewingsimpak wat ? vloed sal hê op die gebied rondom Prieska. 2x2=(4)
  - Veronderstel jy is aangestel as die omgewingskonsultant om die gevare van vloede aan te spreek. Bespreek TWEE voorkomende maatreëls wat die gevare van vloede sal verminder. 2x2=(4)
- 5.2.4 Verder stroom-af stort hierdie eksotiese rivier oor die Augrabieswaterval.
- In watter deel van die rivier se loop is die rivier op hierdie punt? 1x2=(2)
  - Waarom is ? waterval ongewoon in hierdie deel? 1x2=(2)
  - Die Augrabieswaterval is die resultaat van verjonging as gevolg van isostasiese opheffing van die land. Verduidelik die term verjonging. 1x2=(2)
  - Bespreek die snelheid en erosievermoë van die rivier by die punt van verjonging. 2x2=(4)
- 5.2.5 Die dorp Kuruman is op die Kaapplatte geleë – ? karstagtige gebied wat oorheers word deur poreuse kalksteen.
- Kuruman is bekend vir ? kenmerk, genaamd 'Die Oog'. Dit is ook die oorsprong van die Kurumanrivier. Watter karstlandvorm is algemeen bekend as 'Die Oog'? 1x2=(2)
  - Die Kurumanrivier vloeи oor die Kalaharisandveld. Waarom is die oppervlakte-afloop van hierdie rivier baie laag? 1x2=(2)
  - Teken ? grondprofiel wat die relatiewe diepte van die verskillende horisonte, soos jy sou verwag om in die Kalahari te vind, sal toon. (3)

- 5.3 Die ekonomiese potensiaal van die Kalahari-streek is baie beperk. Droëlandboerdery oorheers, wat beteken daar is geen besproeiing nie. Boerdery in geheel is dus afhanklik van die jaarlikse reënval.
- 5.3.1 (a) Is boerdery ? primêre, sekondêre of tersiêre ekonomiese aktiwiteit? (1)  
(b) Verskaf ? rede vir jou antwoord in Vraag 5.3.1(a). 1x2=(2)
- 5.3.2 Waarom word droëlandboerdery wyer in hierdie gebied beoefen? 2x2=(4)
- 5.3.3 Bespreek die redes waarom droëlandboerdery baie lae opbrengstes lewer. 2x2=(4)
- 5.3.4 Verklaar waarom oorbeweiding ? omgewingswanbalans kan veroorsaak indien droëlandboerdery beoefen word. 3x2=(6)
- 5.4 Toerisme bied ? alternatiewe bron van inkomste en die vestiging van die Kgalagadi Oorgrensspark het gunstig bygedra tot die B.B.P. van die gebied.
- 5.4.1 (a) Is toerisme ? primêre, sekondêre of tersiêre ekonomiese aktiwiteit? (1)  
(b) Verskaf ? rede vir jou antwoord in Vraag 5.4.1(a). 1x2=(2)
- 5.4.2 (a) Waarvoor staan die afkorting B.B.P.? 1x2=(2)  
(b) Hoe beïnvloed die vestiging van die Kgalagadi Oorgrensspark die B.B.P. van die provinsie? 1x2=(2)
- 5.4.3 Bespreek die belangrikheid van die bewaring van nasionale parke as ? vorm van volhoubare ontwikkeling. 3x2=(6)
- [80]**

## VRAAG 6

Tuin van Suid-Afrika	Inligting: KwaZulu/Natal
KwaZulu/Natal is bekend vir sy subtropiese, meesal welige plantegroei en die sagte skoonheid van die middellande streek. Die lang maritieme gordel word omsoom deur die water van die Indiese Oseaan, deur oop, wit strande en in die noorde word kolle inheemse woude en sommige van die wêreld se hoogste begroeide duine gevind. Verder weswaarts vind ons die toringhoë Drakensbergreeks – 1 046 km lank en die mees prominente kenmerk van Suid-Afrika se Groot Eskarp / Platorand.	<p><b>Oppervlakte:</b> 92 100 km<sup>2</sup>  <b>Persentasie van S.A. se totale oppervlakte:</b> 7,6 %  <b>Bevolking:</b> 9,8 miljoen  <b>Persentasie van totale bevolking:</b> 21%  <b>Hoof taalgroepes:</b> IsiZulu (80%)  Engels (16%)  Afrikaans (2%)  <b>Ekonomiese aktiwiteite:</b> Seevaartdienste, toerisme, steenkool, vervaardiging, bosbou, boerdery.  <b>Persentasie bydrae tot die totale B.B.P.:</b> 15,8%</p> <p style="text-align: right;">Verwerk uit: "World Atlas for South Africans."</p>


- 6.1 Verwys na die inleidingsparagraaf, asook na **Figuur 6.1**, voordat jy die vrae beantwoord.
- 6.1.1 Aan watter een van die Suid-Afrikaanse koste is die provinsie, KwaZulu/Natal geleë? (1)
- 6.1.2 Watter TWEE nedersettings word albei aanvaar as die hoofstede van KwaZulu/Natal? (2)
- 6.1.3 Noem die DRIE lande wat almal internasionale grense met KwaZulu/Natal vorm. (3)
- 6.1.4 In watter klimaatstreek is KwaZulu/Natal geleë? (1)
- 6.1.5 Wat is die naam van die hoofbergreeks wat die reliëf van KwaZulu/Natal oorheers? (1)
- 6.2 Verwys na **Figure 6.2A** en **6.2B**, wat die temperatuur- en reënvalverspreiding van Durban toon.
- 6.2.1 **Figuur 6.2A** toon die gemiddelde daagliks temperatuurspeling vir beide Januarie en Julie.
- (a) Wat word bedoel met gemiddelde daagliks temperatuurspeling? 2x2=(4)
  - (b) Gedurende watter een van die TWEE maande is die gemiddelde daagliks temperatuurspeling die kleinst? 1x2=(2)
  - (c) Voorsien ? verklaring vir jou antwoord in Vraag 6.2.1(b). 2x2=(4)
- 6.2.2 **Figuur 6.2B** toon die gemiddelde maandeliks reënval vir Januarie en Julie.
- (a) Hoe word die gemiddelde reënval vir ? maand bereken? 1x2=(2)
  - (b) Waarom is Januarie se gemiddelde reënval soveel hoër as Julie s'n? 2x2=(4)
- 6.2.3 Die hoë reënval wat KwaZulu/Natal ondervind, kan ? groot verskeidenheid natuurlike plantegroei onderhou.
- (a) Is natuurlike plantegroei ? herniebare of nie-herniebare hulpbron? 1x2=(2)
  - (b) Baie van die natuurlike plantegroei word bedreig deur bosbou en boerdery. Bespreek hoe hierdie TWEE ekonomiese aktiwiteite ? wanbalans in die natuurlike plantegroei kan veroorsaak. 2x2=(4)

- (c) Stel moontlike oplossings voor om hierdie wanbalans van die natuurlike plantegroei teen te werk. 2x2=(4)
- 6.3 Die Tugelarivier is een van die grootste riviere in KwaZulu/Natal en vorm deel van die Tugela-Vaalwateroordragskema. Verwys na **Figuur 6.3** vir ? illustrasie van hierdie waterskema.
- 6.3.1 In watter oseaan mond die Tugelarivier uit? (1)
- 6.3.2 Die Platorand skei die damme aan die bokant van die damme aan die onderkant.
- (a) Wat is ? platorand? 1x2=(2)
- (b) Verwys na die diagram. Hoeveel damme vorm deel van die Tugela-Vaalwateroordragskema? (1)
- (c) Hoe bereik die water van die laerliggende damme die hoërliggende damme? 1x2=(2)
- 6.3.3 Bespreek die tweeledige doelwit van die Tugela-Vaalwateroordragskema. 2x2=(4)
- 6.3.4 Waarom was die konstruksie van hierdie wateroordragskema noodsaaklik? 2x2=(4)
- 6.3.5 Tydens konstruksie van die skema is bogrond en saad van die inheemse plantegroei bewaar.
- (a) Wat is inheemse plantegroei? 1x2=(2)
- (b) Verklaar die betekenis van die begrip omgewingsbewaring. 1x2=(2)
- (c) Waarom was dit noodsaaklik om omgewingsbewaring in hierdie geval toe te pas? 1x2=(2)
- 6.4 Die hoë reënval en vrugbare grond van KwaZulu/Natal het ? sterke aantrekkingskrag vir mense gehad. Maar, soos wat die bevolkingsdigtheid toeneem, neem die letsels op die landskap ook toe.
- 6.4.1 Met verwysing na die inligtingskolom, aan die begin van Vraag 6, bereken die bevolkingsdigtheid van KwaZulu/Natal. Gebruik die volgende formule:

$$\text{Bevolkingsdigtheid} = \frac{\text{Aantal mense}}{\text{Oppervlakte (in km}^2\text{)}} \quad (4)$$

- 6.4.2 Bespreek hoe die toenemende bevolkingsdigtheid van KwaZulu/Natal die volgende aspekte sal beïnvloed:
- (a) Natuurlike hulpbronne 1x2=(2)
  - (b) Besoedeling 1x2=(2)
  - (c) Voorsiening van dienste 1x2=(2)
  - (d) MIV / Vigs 1x2=(2)
- 6.4.3 Die impak van MIV / Vigs is van besondere belang.
- (a) Bespreek kortliks die effek van MIV / Vigs op die arbeidsmag in KwaZulu/Natal. 2x2=(4)
  - (b) Hoe sal hierdie gevolge die ekonomiese van KwaZulu/Natal beïnvloed? 1x2=(2)
- 6.5 KwaZulu/Natal beskik oor ? belangrike nywerheidstreek in die Durban-Pinetown-omgewing.
- 6.5.1 Watter TWEE faktore het nywerhede na dié gebied gelok? (2)
  - 6.5.2 Noem TWEE soorte nywerhede wat in die Durban-Pinetown-gebied gevind kan word. (2)
  - 6.5.3 Tans dra KwaZulu/Natal 15,8% by tot Suid-Afrika se B.B.P. Bespreek hoe MIV / Vigs hierdie bydrae tot die B.B.P. waarskynlik sal beïnvloed. 2x2=(4)  
[80]
- TOTAAL: 320**

**SENIOR CERTIFICATE  
EXAMINATION  
SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**



**OCTOBER / NOVEMBER  
OKTOBER / NOVEMBER**

**2005**

**GEOGRAPHY  
DIAGRAM BOOK  
AARDRYKSKUNDE  
DIAGRAMBOEK**

First Paper : Theory  
*Eerste Vraestel : Teorie*


**HG**

**502-1/X**

**8 pages / bladsye**




FIGURE 1.1



FIGUUR 1.1

FIGURE 1.2A



FIGUUR 1.2A

FIGURE 1.3





FIGURE 1.2B



FIGUUR 1.2B




FIGURE 2.1A





FIGURE 2.1B



FIGUUR 2.1B

FIGURE 2.2A  
FIGUUR 2.2A




FIGURE 2.2B  
FIGUUR 2.2B




FIGURE 2.2C  
FIGUUR 2.2C







FIGURE 2.3





FIGUUR 2.3







FIGUUR 3.4




FIGUUR 3.2






**FIGURE 3.4**



**FIGURE 3.1**




**FIGURE 3.2**

SERVICES OFFERED BY PINE VILLAGE	SERVICES OFFERED BY KINGSTOWN
1. General store	1. Administration : Regional government centre
2. Cafe	2. Financial : Banks
3. Church	3. Schools
4. Primary school	4. Supermarkets and other stores
5. Police station	5. Churches
6. Community centre	7. Co-operative
7. Saturday market place	8. Business centre
	9. Transport and communication centre

P.T.O. / b.o.

**FIGURE 3.1**

FIGURE 4.1



FIGUUR 4.1






FIGURE 5.1




FIGUUR 5.1

FIGURE 6.1




FIGUUR 6.1



Average daily temperature  
Gemiddelde daagliks temperatuur

FIGURE 6.2A  
FIGUUR 6.2A



Rainfall  
Reënval

FIGUUR 6.3

